

# Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: [kontak@nuwelied.info](mailto:kontak@nuwelied.info)  
Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

*Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!*

## **Parashah 8: Vayish 'lach (חלשי'י) – En Hy Het Gestuur**

*Ya'akov het boodskappers voor hom uitgestuur na sy broer 'Esav in die land van Se'ir, die land Edom,... Gen. 32:3 – PWL<sup>1</sup>*

**Torah:** Gen. 32:3 tot 36:43

**Haftorah:** Hosea 11:7 tot 12:12

**Nuwe Verbond:** Matt. 26:36 tot 46; Rom. 12:19; Fil. 3:5; Heb. 8:8; Jak. 7:4 tot 10.

**H**ierdie notas is aanvullend tot die vorige notas vir parashah 8 wat afgelaai kan word by: [Parashah8Notas14](#) en by [Parashah8Notas15](#).

*Who is the wise man? The one who learns from everyone. Who is the strong person? The one who conquers his negative impulses. Who is the wealthy person? The one who is happy with his portion. Who is the honorable person? The one who honors others – Anonymous.*

## **Midrash (Torah Bespreking)**

### **Wysheid**

Soos ons Torah bestudeer, is daar twee baie belangrike aspekte waarvan ons kennis moet neem, naamlik:

- Torah maak nie 'n geheim van die foute en die swakhede van die 'hoofkarakters' nie! Nee, die prominente karakters in die Skrifte is mense wat ook stryd gevoer het met hulle sondige aard; net soos ons elkeen ook vandag.

<sup>1</sup> PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by [www.padwlewe.ch](http://www.padwlewe.ch):

- Tweedens leer ons dat selfs die verkeerde keuses wat ons voorvaders gemaak het, nie YHVH verhinder het om Sy raadsplan uit te voer nie!

Hierdie twee aspekte van Torah moet vir ons as 'n bemoediging en waarskuwing dien! Ons word bemoedig deur die geskiedenis van ons geestelike voorvaders Abraham, Isak en Jakob, asook hulle nageslag, maar ook gewaarsku om nie dieselfde foute as hulle te begaan nie. Daarom skryf Paulus:

*Al hierdie dinge het gebeur as voorbeeld vir ons en is opgeskryf as 'n waarskuwing aan ons, want die einde van die wêreld het by ons aangekom. Van nou af, elkeen wat dink dat hy staan, moet oppas dat hy nie val nie. 1 Kor. 10:11 en 12 – PWL.*

Maar dit is vertroostend om te weet: YHVH kies nie die volmaakte nie, maar Hy volmaak die wat Hy gekies het!

Soos ons die geskiedenis van ons voorvaders en die van Israel bestudeer, word ons nie net onderrig in YHVH se wil vir ons nie, maar kry ons ook wysheid wat ons daagliks in ons eie lewe kan toepas.

*Die wet (Torah) van יהוה is volmaak: dit verfris die lewe; die getuienis van יהוה, wat die eenvoudiges wys maak, is vertrouenswaardig. Ps. 19:7 – PWL.*

*Die respekvolle vrees van יהוה is die begin van wysheid; almal wat Sy opdragte uitvoer, het 'n goeie begrip. Sy lofprysing duur vir ewig. Ps. 111:10.*

Elke dag staan ons voor keuses en wysheid is om die regte keuse te maak. So het Jakob ook voor die keuse gestaan om of na YHVH te luister en terug te gaan na die woonplek van sy vader, die Beloofde Land Kanaän (Gen. 31:13), of om weens vrees verder weg te vlug van Laban en Esau! Jakob moes kies tussen die Gees en die vlees! Hy moes die vlees oorwin sodat hy die voortsetting kan wees van die vervulling van die beloftes soos YHVH dit aan Abraham en Isak gemaak het, en soos ook aan hom bevestig was (Gen. 28:12 tot 15). Jakob het gekies om eerder aan YHVH gehoorsaam te wees as om deur vrees oorheers te word. Hy het gekies om om sy vrees te oorwin sodat hy deel van YHVH se plan vir die mensdom kan wees.

Ons het twee keuses, naamlik om dinge op die regte wyse te doen of om dinge op die maklike wyse te doen. Maar die maklike uitweg is selde die regte wyse! Jakob het die moeilike weg – YHVH se weg – gekies!

Jakob het gekies om sy vrees van aangesig tot aangesig te ontmoet. Dit is wysheid! Dit is om 'n oorwinnaar te wees!

By wedergeboorte is ons 'n nuwe mens met 'n nuwe identiteit in Yeshua, maar met 'n ou verlede. Daarom kan daar dinge (bindinge) in die verlede wees wat verhinder dat ons geestelike volwassenheid en ons geestelike einddoel bereik. Soos Jakob, moet ons elkeen ook in konfrontasie met ons verlede kom – 'n konfrontasie met onself, 'n konfrontasie met ons probleme (bindinge) en 'n konfrontasie met ons God.

Hierdie konfrontasie met ons verlede is dikwels 'n worstelstryd waar ons deur eie pogings probeer om die oorwinning te behaal. Ons maak planne en soek hulp hoe om die negatiewe van ons verlede te oorwin, maar dit is wanneer ons alleen is wanneer die worstelstryd in felheid woed. Dit is dan wanneer ons in die donkerte van ons verlede worstel tot dagbreek toe

– ‘n worsteling met YHVH en met dit wat mense aan ons gedoen het en dikwels ook wat ons aan mense gedoen het.

Hierdie worstelstryd is dikwels ‘n worsteling tussen eie wil en YHVH se wil, of tussen eie voorwaardes en die van YHVH. Dit is dan wanneer eiesinnigheid op die ‘heupbeen’ geslaan word sodat dit uit lit kan raak (Gen. 32:25) – geknak en laat vaar kan word. Dit is die kruisiging van die ou mens (Rom. 6:6) en die opstanding van die nuwe mens in Yeshua – die ou dinge (die ou orde) het verbygegaan en alles het nuut geword (2 Kor. 5:17).

Wat nou oorbly is om YHVH Yeshua vas te gryp en te sê: *Ek sal U nie laat gaan nie tensy dat U my seën* (Gen. 32:26)! Dit is dan wanneer die son vir ons opgaan (Gen. 32:31) en wanneer ons in die Lig die toekoms met vertroue en totale afhanklikheid van YHVH kan instap – mank, maar vry van die donkerte van die verlede! Alleenlik dan kan ons as vrygemaaktes volgens ons nuwe identiteit in Yeshua leef!

Die naam Jakob verteenwoordig Jakob se ou aard voor sy worstelstryd en die naam Israel sy aard na sy worstelstryd en ontmoeting met YHVH Yeshua. ‘n Ware ontmoeting met YHVH is ‘n lewensveranderende ondervinding – selfs ‘n identiteitsverandering!!

### **Bepeins of Bespreek**

1. Is jy deel van YHVH se plan, of is vrees, dalk uit jou verlede of vir die toekoms, die hindernis om voluit te lewe vir dit wat Vader-God jou voor geroep het? Onthou die volgende:
  - *Life is not a race to beat the other guy; life is only a race to conquer yourself* – Rabbi S. Simmons.
  - *Fools take a knife and stab people in the back. The wise take a knife, cut the cord and free themselves from the fools* – Anonymous.

### **Oorwinnaars**

*Hy sê: “Jy sal nie meer Ya’akov genoem word nie, maar Yisra’el, want jy het krag soos ‘n prins gehad teenoor God en die mense en het oorwin. Gen. 32:28 – PWL.*

Die naam Yisra’el (יִשְׂרָאֵל) beteken *Yisra* – Hy sal heers, as *El* – Magtige God, maar is ook komend van die grondwoord *sara* (שָׂרָה) wat seëvier, oorwin en die oorhand kry beteken. Die naam Jakob beteken *hakskeen(gryper)* en verwys na Jakob se vasbeslotenheid! Dit is hierdie hoedanigheid van Jakob wat hom ‘n oorwinnaar gemaak het!

In die boek van die Openbaringe van Yeshua Messias lees ons ook van die loon wat wag op diegene wat volhard tot die oorwinning behaal is. Elkeen wat oorwin het, sal eet van die Boom van die Lewe en van die versteekte manna; sal nie deur die tweede dood seergemaak word nie; sal ‘n nuwe naam kry en sal heers oor die nasies. Elkeen wat tot die einde volhard sal aangetrek word met wit klere en sy naam sal nie uitgevee word uit die boekrol van die lewe nie. Yeshua self sal elkeen wat oorwin het se naam voor die Vader bely. YHVH sal ons God wees en ons sal Sy kinders wees.

*Hy wat ore het, luister wat die Gees vir die gemeentes sê: “Aan die wat die oorwinning behaal, sal Ek gee om te eet van die boom van die lewe, wat in God se paradys is”. Open. 2:7.*

*Hy wat 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees vir die gemeentes sê: “Die wat volhard totdat die oorwinning behaal is, sal nie deur die tweede dood seergemaak word nie”.* Open. 2:11.

*Hy wat 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees vir die gemeentes sê: “Aan hom wat die oorwinning behaal, sal Ek gee om te eet van die versteekte ‘man hu’ en Ek sal vir hom 'n wit klippie gee en op dié klippie is 'n nuwe naam (karakter en outoriteit) geskryf wat niemand ken nie, behalwe hy wat dit kry”.* Open. 2:17.

*Aan hom wat volhard totdat die oorwinning behaal is en My dade doen, sal Ek outoriteit gee oor die nasies,* Open. 2:26.

*Hy wat op hierdie manier volhard totdat die oorwinning behaal is, sal aangetrek word met wit klere en Ek sal nie sy naam uitvee uit die boekrol van die lewe nie en Ek sal sy naam bely voor My Vader en voor Sy engele.* Open. 3:5.

*Wie volhard totdat die oorwinning behaal is, sal Ek 'n pilaar in die tempel van God maak en hy sal daar nie weer uitgaan nie en Ek sal op hom die Naam van My God en die naam van die stad, die nuwe Yerushalayim, wat vanaf My God afdaal en My nuwe Naam, skryf.* Open. 3:12.

*Hy wat die oorwinning behaal, sal hierdie dinge erf en Ek sal vir hom 'n God wees en hy sal vir My 'n seun wees.* Open. 21:7.

In 'n sekere sin is hierdie woorde uit Openbaringe ontmoedigend, want ons besef dat ons nog nooit tot die uiterste beproef was nie. Hoewel ons almal op verskillende wyses al beproef was, weet ons nie hoe ons sal reageer nie wanneer ons belydenis as gelowiges in YHWH Yeshua 'n keuse tussen lewe en dood is!

Maar die les wat Jakob ons leer, is dat om te oorwin is nie noodwendig om te verower nie! Nee, Jakob het tot die einde volhard. Hy het oorwin as Jakob die hakskeengryper toe hy vir die Man gesê het: *Ek sal U nie laat gaan nie tensy dat U my seën* (Gen. 32:26)! Om as oorwinnaar verklaar te word moet ons net vashou aan die Een wat oorwin en verower het – Yeshua ons Messias!

*Toe sê een van die ouderlinge vir my: Moenie ween nie; kyk, die Leeu wat uit die stam van Juda is, die wortel van Dawid, het oorwin om die boek oop te maak en sy sewe seëls te breek.* Open. 5:5.

Daarom moet ons ag gee op die woorde van Paulus:

*Weet julle nie dat die wat in die stadion hardloop, wel almal hardloop, maar dat een die prys kry nie? Hardloop op so manier dat julle dit sal kry.*

*Elkeen wat aan 'n kompetisie deelneem, dissiplineer sy gedagtes: hulle om 'n verganklike kroon te ontvang, maar ons 'n onverganklike.*

*Ek hardloop daarvolgens soos een wat nie onseker is nie, ek neem deel soos een wat nie in die lug slaan nie,*

*maar ek dissiplineer my liggaam en maak dit gehoorsaam sodat ek nie, terwyl ek vir ander verkondig het, self verwerplik sou wees nie.* 1 Kor. 9:24 tot 27 – PWL.

Daarom is ons elkeen 'n oorwinnaar wanneer ons in die laaste oomblikke van ons lewe soos Paulus kan getuig:

*Ek het die goeie stryd gestry; ek het die wedloop voleindig; ek het die geloof behou.* 2 Tim. 4:7.

Jakob het in die donkerte van die nag bly vashou aan die Een wat sterker as hy was. Dit is 'n sinnebeeld van geloof, naamlik om seker te wees van dit wat ons hoop en oortuig te wees van dit wat ons nie sien nie (Heb. 11:1). Om vas te hou aan dit wat ons nie sien nie is geloof (vertroue). Dan sal ons ook soos Jakob geseën word!

Stefanus het tot die dood volhard en het oorwin. Hy het YHVH Yeshua soos Jakob vasgegryp tot so 'n mate dat hy vol van vertroue en die Gees van Afsondering was, en met sy oë op die hemelse gerig het hy die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van God gesien en Yeshua wat staan aan die regterhand van God. (Hand. 7:55 tot 60). In hierdie toestand is daar geen bewustheid van pyn nie, want hy kon tot die oomblik van sterwe nog uitroep: *Meester, reken hulle hierdie sonde nie toe nie!* Dit dien as bemoediging vir ons om nie te vrees sou ons ooit die dood in die gesig staar weens ons vertroue in Yeshua as Messias en ons Torahgetuienis!

Die belofte in Open. 3:21 en 22 kan ons ook soos volg lees:

*Aan hom wat volhard – aan YHVH Yeshua vashou – totdat die oorwinning behaal is, sal Ek gee om saam met My op My troon te sit, net soos Ek die oorwinning behaal het en saam met My Vader op Sy troon sit. Wie ook al 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees vir die gemeentes sê.*

### **Bepeins of Bespreek**

1. Ons lees in Joh. 8:56 waar Yeshua aan die Fariseërs en skrifgeleerdes sê: *Avraham, julle vader, het begeer om My dag te sien en hy het dit gesien en hom verheug.* Abraham het 'n profetiese visioen van Yeshua Messias gehad. Beteken dit dat Isak en Jakob, asook Jakob se nageslag hulle ook verheug het in die toekomstige dag van Yeshua? Onthou Abraham het volle begrip gehad van wat die belofte (eedsvering – Heb. 6:13) van Gen. 12:3 behels, naamlik wat dit beteken *dat in jou sal al die geslagte van die aarde geseën word.* Sekerlik sou hierdie belofte en die verbond van Genesis 15 deel gewees het van die 'visie' van Isak en Jakob en hulle nageslag. Hierdie verbond van belofte was deel van Israel tot en met die aankoms by die berg Sinai. Die hoëpriester van hierdie verbond was Melgisedek (Gen. 14:18 tot 20), want dit was 'n verbond wat op geloof (vertroue) gestaan het. Dit was 'n sinnebeeld van die nuwe verbond. In toekomstige parashot sal ons meer hieroor leer.
2. Abraham, ons vader van die vertroue, is ons voorbeeld van hoe om in die regte verhouding met YHVH as God en Vader te lewe. Hy het as regverdige gelewe sonder die Torah wat YHVH aan Moses gegee het. Dit was moontlik omrede Abraham na die stem van YHVH geluister (*sh'ma*) het en YHVH se ordening (*mishmeret*), gebooie (*mitzvot*), insettinge (*chukkah*) en wette (*torah*) onderhou (*sh'amar*) het. Dit is die voorbeeld wat Isak en Jakob gevolg het en wat die nageslag van Jakob ook moes volg. Abraham, Isak en Jakob het YHVH se Torah gevolg. Nou is die vraag: Is dit wat YHVH ook van Israel verwag het nadat Hy hulle van die slawejuk bevry het en hulle by die berg Sinai aangekom het? Is dit wat YHVH bedoel het toe Hy die verbond met Israel voor die aanbidding van die goue kalf gesluit het (Ex. 19:1 tot 24:11)? In Ex. 19:5 en 6 sê YHVH vir Israel: *As julle dan nou terdeë na my stem luister...* Het YHVH met hierdie woorde bedoel: *As julle dan nou terdeë na my stem luister soos julle Vader Abraham en my verbond hou soos julle vader Abraham sal julle vir my 'n koninkryk van priesters en 'n afgesonderde nasie wees?* Wat sou gebeur het indien Israel nie hierdie verbond verbreek het nie? In latere parashot sal ons meer hieroor leer!
3. Ons leef in die dae waar Moslems hulle lewe prys gee vir die leuen, terwyl Christene nie eers bereid is om vir die waarheid te lewe nie. Albert Einstein het gesê: *The world is a*

*dangerous place to live; not because of the people who are evil, but because of the people who don't do anything about it. Aansluitend hierby moet ons onthou: Whenever evil wins, it is by moral failure of those who compromise basic principles – Ayn Rand.*

4. *You have only three choices in life. Give up, give in or give it all you have got. Watter van hierdie drie beskryf jou die beste? Onthou: If you're not meeting the Devil head on, then you're going in the same direction – Billy Sunday.*

-o-o-o-o-o-o-o-o-

*Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).*

Shabbat Shalom.

Johan.

Epos: [kontak@nuwelielied.info](mailto:kontak@nuwelielied.info)

Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

*Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.*